Oordenking.
5 Mei 2010

Lewens gevaarlike skuld invorderaars.

Hoe voel dit as, hoe meer jy aan skuld afbetaal, hoe meer skuld jy! Nee, ek praat nie oor kredietkaarte nie, hoewel hulle mens ook so laat voel. Ek praat van ons menslike natuur - hoe meer ons toegee aan ons menslike natuur, hoe meer eis dit van ons!

Paulus sê Christene is vrygemaak van hierdie eise van ons menslike aard, as ons Christus se natuur ontvang, want dit bring mee dat ons God se wil vir ons lewe begin begeer.

Aanvaar jy die kontras tussen 'n lewe wat die menslike begeertes probeer tevrede stel, en die persoon wat die Gees wil hê ons moet wees?
Rom 8: 5.
Dié wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die sondige natuur, maar dié wat hulle deur die Gees laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die Gees.

Dis 'n kontras tussen 2 soorte mense. Die eerste soort is nie gered nie en slawe van wat hulle menslike natuur van hulle eis. Die tweede soort is hiervan vrygemaak deur van die Gees gebore te word. Elke Christen ontvang die Heilige Gees en word deur Hom beheer. Ongereddes kan nooit genoeg doen om hulle menslike begeertes tevrede te stel nie. Christene is gered daarvan en is nou vry om God te dien.

Dit veroorsaak 'n kontras in fokus. Ongelowiges fokus op wat die wêreld bied, maar Christene soek na die dinge van God en wat die Gees ons bied. Kyk na vers 7: *Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, is immers vyandskap teen God. Die sondige natuur onderwerp hom nie aan die wet van God nie, dit kan trouens ook nie.*

Dis nie moontlik vir mense wat nie aan Christus behoort, om op die dinge van God te fokus nie. Hulle bly blind vir geestelike waarheid, maar as ons uit die Gees gebore is, kan ons geestelike waarheid verstaan. God se wil vir ons, word nou die ons begeerte vir ons lewens.

Die resultaat is 'n kontras tussen twee lewens style! Die een kan nooit genoeg doen om menslike begeertes tevrede te stel nie, en die ander soek na gehoorsaamheid aan die Gees en dit lei na 'n lewe volgens die voorbeeld van Christus se lewe.

So, aan die einde lei dit tot 2 kontrasterende eindes - *Rom 8:* 6, *Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, loop uit op die dood, maar die dinge waarmee die Gees Hom besig hou, bring lewe en vrede.*

Mens moet eenvoudig sien dat daar 'n radikale kontras bestaan tussen Christene en ongelowiges. En die resultaat daarvan om altyd in te gee aan die lewe bedreigende eise van die skuldeiser genaamd ons menslike natuur, is die dood en vyandskap met God.

Maar die resultaat van die eise van die Gees, is lewe en vrede.